Nelson bedank Brasilië

SALVADOR (Brasilië). – Mnr. Nelson Mandela het in die naweek hier 'n juigende skare aangepor om te veg vir rasse-gelykheid in dié groot, rasgemengde land.

Hy het ten tyde van sy besoek aan die stad Brasiliane bedank vir hul stryd teen apartheid.

Die ANC-president se besoek word deur organiseerders gesien as 'n simbool van hoop.

"Die besoek is baie simbolies. Salvador word beskou as die stad waarop Afrika die meeste invloed het buiten Afrika self," het mnr. Javier Alfaya, 'n stadsraadslid wat gehelp het om die Mandela-besoek te beplan, gesê.

"Ons hoop dit (die besoek) sal help in die stryd teen diskriminasie en geweld."

Salvador, hoofstad van die staat Bahia, se inwoners is feitlik 80 persent swart of van gemengde afkoms. Die stad word regeer deur 'n wit burgemeester en goewerneur.

Slegs een van Brasilië se 23 state het 'n swart goewerneur, mnr. Albuino Azeredo.

Eidiland Baptista van die Sao Paulo-gebaseerde Swart Vroue se Kultuursentrum, sê sy hoop mnr. Mandela se besoek oorreed pres. Fernando Collor om swart Brasiliane se situasie te bekyk.

"Daar is diskriminasie, maar dit is gekamoefleer in die vorm van armoede en geweld," het sy gesê. – (Sapa-Reuter-AP).

Beeld 5 Aug. '91